

9 MAART

**SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 17
FOKUSGEDEELTE: HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 47;
LEVITIKUS 19:2; HOSEA 11:9b; JOHANNES 17:11**

God, die Heilige, is in Christus by ons

In die eerste bede van die *Onse Vader* leer Jesus sy kerk om te bid, "...laat u Naam geheilig word".

In hierdie bede bid ons dat ons God sal ken, dat ons Jesus Christus sal ken (vgl. Joh. 17:3). Christus het immers aan ons die Naam van sy Vader geopenbaar (Joh. 17:6, 26). Ons bid dus nie dat daar iets met die Naam van God moet gebeur nie, maar dat daar iets met *ons* moet gebeur. Terwyl die HERE en sy Naam volmaak heilig is, bid ons dat ons van alle onreinheid verlos sal word, dat ons deel sal kry aan die ware heiligmaking. "Wees heilig, want Ek, die HERE julle God, is heilig." (Vergelyk Lev. 19:2). Ons moet daarvoor bid. Dit moet die eerste en laaste wens van ons hele wese wees: Laat u Naam geheilig word!

In die Skrif is naam en wese onherroeplik met mekaar verbonde. Daarom ook is dit só 'n groot gruwel in die oë van die Here wanneer sy Naam misbruik word (vgl. die Derde Gebod, So. 36:100).

Maar watter troos is daar nie ook in hierdie eerste bede nie! Dit is die troos wat al in Hosea 11:9 bekendgemaak is: "Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde..." God is die Heilige in ons midde. Dít is die evangelie. God se heiligheid en sy liefde is een. Hy is nie net heilig nie, Hy is die Heilige in ons midde, want die Heilige (Luk. 1:35) is *Immanuel*, wat beteken God mét ons, God by ons (Matt. 1:23).

Jesus Christus is heilig, want Hy is God, en ons moet heilig wees, aan God toegewyd wees. God is heilig, sy Gees is heilig en Christus maak ons heilig deur sy Gees en sy Woord.

Laat u Naam geheilig word! Só leer Jesus sy dissipels, só leer Hy sy kerk om te bid. En só leer Hy ons om te lewe.

Sing: Psalm 33:11 (1936-beryming)

Dr Victor d'Assonville (Colesberg/Philipstown)